- (a) a copy of the zero-rated tax invoice issued to the qualifying purchaser. In the case of the supply consisting of second-hand goods on which input tax as contemplated in paragraph (b) of the definition of "input tax" in section 1(1) of the Act was or may be deducted by the vendor or any other person who is a connected person in relation to the vendor when the goods were acquired, the vendor must ensure that the tax invoice complies with the provisions of section 20(4) of the Act;

³ Note that all documentation must be kept or retained as contemplated in section 30 of the TA Act read with public notice GN 787 published in GG 35733 of 1 October 2012.

- (b) a copy of the qualifying purchaser's—
- (i) passport including those pages reflecting the qualifying purchaser's name, passport number and country of residence. Where the qualifying purchaser or in case the qualifying purchaser is not a natural person, the person duly authorised to represent the qualifying purchaser was in the Republic at the time of purchase, the passport must also include those pages reflecting an endorsement—
 - (aa) reflecting entry into the Republic; and
 - (bb) reflecting exit from the Republic;
 - (ii) trading license or any other equivalent document acceptable to the Commissioner proving that the business is conducted in an export country as well as the letter of authorisation and a copy of the authorised person's passport; or
- (c) the qualifying purchaser's order or the contract between the vendor and the qualifying purchaser;
- (d) proof of payment in respect of the movable goods supplied to the qualifying purchaser. Proof of payment must, where applicable, be in compliance with the SARB requirements;
- (e) proof of delivery of the movable goods to the agent's premises;
- (f) a statement from the agent as contemplated in paragraph 12(3)(b)(v)(cc); and
- (g) confirmation of the proof of export from the agent.
- (2) The agent must obtain and retain—
- (a) a copy of the agreement between the agent and the qualifying purchaser in terms of which the agent is appointed by the qualifying purchaser for the purposes contemplated in paragraph 12(4)(b)(i) or confirmation of such agreement and appointment;
 - (b) proof of registration as a licensed remover of goods in bond;
 - (c) proof of import of the movable goods into the export country or proof of delivery of the movable goods to the qualifying purchaser or its customer in the export country;
 - (d) a copy of the inventory reconciliation contemplated in paragraph 12(4)(b)(viii);
 - (e) the "proof of export".
- (3) The manufacturers of lubricating oils and greases as contemplated in paragraph 12(9) must obtain and retain—

- (a) a copy of the zero-rated tax invoice issued to the qualifying purchaser. In the case of the supply consisting of second-hand goods on which input tax as contemplated in paragraph (b) of the definition of "input tax" in section 1(1) of the Act was or may be deducted by the vendor or any other person who is a connected person in relation to the vendor when the goods were acquired, the vendor must ensure that the tax invoice complies with the provisions of section 20(4) of the Act;
- (b) a copy of the qualifying purchaser's trading license or any other equivalent document acceptable to the Commissioner proving that the business is conducted in an export country as well as the letter of authorisation and a copy of the authorised person's passport;
- (c) the qualifying purchaser's order or the contract between the vendor and the qualifying purchaser;
- (d) proof of payment in respect of the movable goods supplied to the qualifying purchaser. Proof of payment must, where applicable, be in compliance with the SARB requirements;
- (e) the "proof of export".

PART THREE

14. Introduction

This Part of these regulations sets out the time periods within which movable goods must be exported from the Republic, the party responsible for exporting the goods as well as the time periods within which the required documentary proof must be obtained.

15. Export time periods (applicable to Parts One, Two – Section A and Two – Section B)

(1) General rule

- (a) Subject to the exceptions listed in subparagraph (2), movable goods must be exported from the Republic within 90 days from the earlier of the time an invoice is issued or the time any payment of consideration is received by the vendor. In the case of Part One, the movable goods must be exported within 90 days from the date of the tax invoice.
- (b) In the event that the vendor and the qualifying purchaser are connected persons, the provisions of the Act setting out the rules with regard to connected persons are *mutatis mutandis* applicable to the supply of movable goods being exported.

(2) Exceptions

- (a) The supply of movable goods for which an advance payment is required, must be exported within 30 days from the date(s) for export agreed upon in the contract entered into between the vendor and the qualifying purchaser;
- (b) The supply of precious metals which are to be exported from the Republic *via* air must be exported within a period of 30 days from the date of the export release as per the “Release Instruction” received from the qualifying purchaser acquiring the precious metal;
- (c) The supply of movable goods for which—
 - (i) the time of supply is regulated by sections 9(1) or 9(3)(b)(i) or (ii); and
 - (ii) are subject to a process of repair, improvement, erection, manufacture, assembly or alteration,must be exported from the Republic within a period of 90 days calculated from the date of completion of the said process;

- (d) The supply by a vendor of any part of a hunted animal to a qualifying purchaser that is subsequently subject to a process of preservation or mounting of that animal as a trophy, must be exported within a period of 7 months calculated from the earlier of the time an invoice is issued or the time any payment of consideration is received by the vendor;
- (e) The supply by a vendor of tank containers which are to be used for the carriage of bulk liquid, powders or gases on a foreign-going ship must be exported from the Republic within a period of 6 months calculated from the date of completion of the manufacturing or reconditioning of the tank container;
- (f) (i) For purposes of Parts Two – Section A and Two – Section B, the Commissioner may extend the period within which movable goods supplied by a vendor to a qualifying purchaser must be exported from the Republic where such movable goods have not been exported within the prescribed periods in subparagraphs (1) and (2)(a) to (e) due to circumstances beyond the control of the vendor or due to exceptional commercial delays or difficulties. The vendor must, before the expiry of the 90-day period as set out in subparagraph (1) or before the expiry of the extended period as set out in subparagraphs (2)(a) to (e), submit a written application to the Commissioner either by e-mail to VATRulings@sars.gov.za or by fax to 086 540 9390 requesting a binding private or binding class ruling confirming the extension of the aforementioned 90-day or such other extended period. Such an application must contain the circumstances that would be regarded as being circumstances beyond the control of the vendor or as exceptional commercial delays or difficulties.

⁴ Or any other e-mail address or fax number as amended.

- (ii) In the event that the qualifying purchaser is unable to submit the application as set out above, the qualifying purchaser must submit the application to the Commissioner either by e-mail to VATRulings@sars.gov.za or by fax to 086 540 9390⁴ within a period of 30 days from the expiry of the period within which the application should have been submitted. Such an application must include both the circumstances that would be regarded as being circumstances beyond the control of the vendor or exceptional commercial delays or difficulties and the reasons substantiating why the application could not have been submitted timeously.
- (iii) For purposes of subparagraph (f), exceptional commercial delays or difficulties means—
- (aa) a qualifying purchaser being unable to secure transport for the export of the movable goods. This provision does not apply in instances where the qualifying purchaser is unable to secure transport due to financial difficulties experienced by the qualifying purchaser;
 - (bb) an order or contract where the terms are altered by the recipient; or
 - (cc) specific requirements imposed by the export country pertaining to a specific type of good (e.g. registrable goods).
- (3) Where the provisions of subparagraph (2) are applicable, the vendor must obtain and retain proof to substantiate the application of the relevant exception.

16. Time period to obtain documentary proof (applicable to Parts Two – Section A and Two – Section B)

(1) The vendor electing to supply movable goods at the zero rate as envisaged in Parts Two – Section A and Two – Section B of these regulations or the qualifying purchaser's agent, whichever is applicable, must obtain the stipulated documentary proof within a period of 90 days calculated from the date the movable goods are required to be exported as contemplated in paragraph 15 and retain the required documentation as contemplated in section 55 of the Act and Part A of Chapter 4 of the TA Act.

(2) In the event that the required documentary proof is not obtained by either the vendor or the qualifying purchaser's agent within the prescribed period set out in subparagraph (1), the requirements of section 11(3) are not met and VAT therefore could not have been levied at the zero rate in terms of section 11(1).

(3) As a result, the vendor is required to account for output tax on the supply. The output tax is calculated by applying the tax fraction to the consideration for the supply. The vendor must include the amount of output tax in Block 12 of the return for the tax period in which the said period of 90 days ends.

(4) Should the vendor or agent, as the case may be, receive the documentation in respect of which output tax was calculated in terms of subparagraph (3) within five years from the end of the tax period during which the original tax invoice in respect of that supply should have been issued, the amount calculated in subparagraph (3) may be deducted as an adjustment in Block 18, of the return for the tax period in which this documentation is received: Provided that the vendor must be able to provide proof to the Commissioner that the vendor—

- (a) has made the taxable supply for a consideration in money;
- (b) has furnished a return in respect of the tax period for which the output tax calculated in subparagraph (3) was payable; and
- (c) has properly accounted for the output tax on that supply as contemplated in subparagraph (3).

(5) For purposes of Parts Two – Section A and Two – Section B, the Commissioner may extend the period within which the required documentary proof must be obtained by the vendor where such documentary proof has not been obtained within the prescribed period set out in subparagraph (1) due to circumstances beyond the control of that vendor. The vendor must, before the expiry of the 90-day period as set out in subparagraph (1), submit a written application to the Commissioner either by e-mail to VATRulings@sars.gov.za or by fax to 086 540 9390 requesting a binding private or binding class ruling confirming the extension of the aforementioned 90-day period. Such an application must contain the circumstances that prevented the vendor from obtaining the documentation timeously.

(6) The vendor having obtained all the other required documentary proof is not required to account for output tax as a result of not obtaining the required proof of payment for the full consideration within the period set out in subparagraph (1), where—

- (a) the vendor has entered into a written contract with the qualifying purchaser for the payment of the consideration in respect of the supply to be made after or over a period exceeding the 90 days but not exceeding 6 months;
- (b) the vendor has entered into a written contract with the qualifying purchaser for the payment of the consideration in respect of the supply to be made after or over a period exceeding 6 months but not exceeding 12 months and has the relevant approval from a dealer in foreign exchange authorised by the South African Reserve Bank;

- (c) the vendor has entered into a written contract with the qualifying purchaser for the payment of the consideration in respect of the supply to be made after or over a period exceeding 12 months and has the relevant approval from the South African Reserve Bank;
- (d) a written contract provides for a retention amount to be withheld for a period exceeding the 5 years due to the nature of the goods supplied and proof of payment of the retention amount has not been obtained;
- (e) the qualifying purchaser is unable to effect the payment due to the restrictions imposed on foreign exchange by the country in which the qualifying purchaser conducts its enterprise;
- (f) the vendor has the relevant approval from the South African Reserve Bank or a dealer in foreign exchange authorised by the South African Reserve Bank not to repatriate any foreign currency in respect of that supply;
- (g) in the case of exports *via* air or sea, the time of export has occurred but the movable goods have not yet been removed from the Republic. This exception is limited to a period of 6 months from the time of export; or
- (h) the vendor has written off the said consideration as irrecoverable.

(7) The vendor must obtain and retain a copy of the relevant approval referred to in subparagraph 6. The aforementioned approval does not have to be obtained where the movable goods are exported to a country falling within the common monetary area as defined in SARB's Exchange control manual as updated.

(8) In the event that the proof of payment of the full consideration is not obtained by the vendor within the prescribed periods set out in subparagraph (6), excluding subparagraphs (f) and (h), the vendor would not comply with the requirements of these regulations and is therefore not allowed to levy tax at the zero rate in terms of section 11(1).

(9) As a result, the vendor is required to account for output tax on the supply to the extent of payment not received. The output tax is calculated by applying the tax fraction to the outstanding consideration for the supply. The vendor must include the amount of output tax in Block 12 of the return for the tax period in which the said period ends.

(10) Should the vendor receive the documentation in respect of which output tax was calculated in terms of subparagraph (9) within the extended period approved by a dealer in foreign exchange authorised by SARB or approved by SARB, limited to a period of five years from the end of the tax period during which the original tax invoice in respect of that supply should have been issued, the amount calculated in subparagraph (9) may be deducted as an adjustment in Block 18, of the return for the tax period in which this documentation is received: Provided that the vendor must provide proof to the Commissioner that the vendor—

- (a) has made the taxable supply for a consideration in money;
- (b) has furnished a return in respect of the tax period for which the output tax calculated in subparagraph (9) was payable; and
- (c) has properly accounted for the output tax on that supply as contemplated in subparagraph (9).

(11) Where a written contract provides for a retention amount to be withheld for a period exceeding the five years, proof of payment of that retention amount does not have to be obtained in order to satisfy the proof of payment requirement.

(12) In the event that the vendor and the qualifying purchaser are connected persons, the provisions of the Act setting out the rules with regard to connected persons are *mutatis mutandis* applicable to the supply of movable goods being exported.

(13) The rate of tax applicable for purposes of this Part is the rate of tax in force at the date of issue of the tax invoice.

17. Government agreements

Notwithstanding anything to the contrary in these regulations, a qualifying purchaser shall not be entitled to receive a refund of tax contemplated in these regulations where the Government of the Republic has entered into an agreement with the government of any other country in terms of which the tax to be refunded to a qualifying purchaser, in respect of the export of movable goods from the Republic, is to be paid directly to the Government of that other country.

18. Transitional Rules

(1) With regard to supplies for the exportation of movable goods for which the time of supply occurred before the date of gazetting these regulations, the provisions of the VAT Export Incentive Scheme published as Notice 2761 in Government *Gazette* 19471 of 13 November 1998 are applicable.

(2) With regard to—

- (a) any supply for which the time of supply occurred on/after the date of gazetting these regulations; or

- (b) progressive supplies as contemplated in section 9(3)(b) of the Act where—
- (i) any payment in respect of the supply becomes due or is received before as well as after the date of gazetting of these regulations; or
 - (ii) any invoice issued in relation to that payment occurs before as well as after the date of gazetting of these regulations; and
 - (iii) the goods are delivered only after the date of gazetting these regulations;
- the provisions of these regulations will be applicable.

No. R. 316

2 Mei 2014

**REGULASIES UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL 74(1) GELEES SAAM MET
PARAGRAAF (d) VAN DIE WOORDOMSKRYWING VAN "UITGEVOER" IN
ARTIKEL 1(1) VAN DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE,
1991 (WET No. 89 VAN 1991)**

Uit hoofde van die bevoegdheid aan my toevertrou deur artikel 74(1) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, vervang ek, Pravin Jamnadas Gordhan, Minister van Finansies, hiermee alle vorige regulasies wat die toepassing van paragraaf (d) van die woordoms krywing van "uitgevoer" in artikel 1(1) ge lees saam met artikel 11(1)(a) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde voorskryf, met die regulasies in die aangehegte Bylae.



P J GORDHAN

MINISTER VAN FINANSIES

BYLAE**WOORDOMSKRYWING**

Tensy uit die samehang anders blyk, dra enige term in hierdie regulasies vervat waaraan 'n betekenis ingevolge die Wet toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan geheg, en dra die volgende terme die volgende betekenis:

“agent”, vir doeleindes van Afdeling B van Deel Twee en Deel Drie, beteken 'n geregistreerde ondernemer—

- (a) gevestig in the Republiek, wat die genomineerde agent van die kwalifiserende koper is en wat geregistreer is soos deur die reëls van artikel 59A van die Doeane- en Aksynswet voorgeskryf;
- (b) wat deur die kwalifiserende koper aangestel is om roerende goed te versamel, te konsolideer en aan sodanige kwalifiserende koper by 'n adres in 'n uitvoerland, af te lewer; en
- (c) wat as 'n vervoerder van goedere onder waarborg soos in artikel 64D van die Doeane- en Aksynswet beoog, gelisensieer is;

“benoemde kommersiële deurgang” beteken 'n plek in die Republiek wat deur die Kommissaris as 'n uitgangspunt vanuit die Republiek aangewys is, soos hieronder gelys:

- (a) *Benoemde kommersiële deurgange* (BTA nie teenwoordig nie):

Hawens: Kaapstad; Durban; Oos Londen; Port Elizabeth; Port van Ngqura; Richardsbaai

Lughawens: Lanseria

Grensposte:

Tussen die Republiek en Botswana: Groblersbrug; Kopfontein; Skilpadshek; Ramatlabama

Tussen die Republiek en Zimbabwe: Beitbrug

Tussen die Republiek en Mosambiek: Lebombo

Tussen die Republiek en Lesotho: Qacha's Nek; Ficksburgbrug; Maserubrug; Caledonspoort; Van Rooyenshek

Tussen die Republiek en Namibië: Nakop (Narogas); Vioolsdrift

Tussen die Republiek en Swaziland: Mananga; Jeppes Reef; Oshoek; Nerston; Mahamba; Golela

(b) *Benoemde kommersiële deurgange* (BTA teenwoordig tot verdere kennisgewing gepubliseer deur die Kommissaris):

Internasionale Lughawens: Kaapstad; King Shaka; O R Tambo

(c) *Ander benoemde kommersiële deurgange* (BTA nie teenwoordig nie):

Lughawens: Bloemfontein; Gateway (Pietersburg/Polokwane); Mbombela (Nelspruit); Port Elizabeth; Mmabatho; Upington; Kruger Mpumalanga; Pilanesberg

Spoorwegstasies: Germiston; Golela; Maserubrug; Mafikeng; Johannesburg; Upington

Hawens: Mosselbaai; Saldanha

(d) Addisionele kommersiële deurgange kan deur die Kommissaris aangewys word of die bestaande benoemde kommersiële deurgange kan deur die Kommissaris gewysig word deur kennisgewing daarvan in die *Staatskoerant*;

“**BTW-terugbetalingsadministrateur**” of “**BTA**” beteken ’n persoon wat deur die Kommissaris aangestel is om die terugbetaling van belasting beoog in Deel Een van hierdie regulasies te administreer;

“**buitelandse diplomaat**” beteken ’n diplomaat wat aangestel is deur ’n vreemde land—

(a) wat in die Republiek gestasioneer was;

(b) wat na voltooiing van sy of haar dienstermyn permanent vanuit die Republiek vertrek; en

(c) wat roerende goed in ooreenstemming met die bepalings van paragraaf 3 uitvoer;

“**buitelandse onderneming**” beteken ’n onderneming of besigheid wat voortdurend of gereeld deur enige persoon (insluitend Suid-Afrikaanse paspoorthouers) in ’n uitvoerland bedryf word en in die loop of bevordering waarvan goedere of dienste aan enige ander persoon teen vergoeding gelewer word. Die buitelandse onderneming moet, vir doeleindes van Afdeling B van Deel Twee, ook as ’n uitvoerder ingevolge die Doeane- en Aksynswet geregistreer wees;

“**die BA Wet**” beteken die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011);

“**die Wet**” beteken die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991);

“**doeanebeampte**” beteken ’n beampte soos in artikel 1 van die Doeane- en Aksynswet, omskryf;

“**kwalisierende koper**” beteken ’n persoon wat nie ’n geregistreerde ondernemer is nie (uitgesluit vir doeleindes van paragraaf (f) van hierdie woordskrywing) en wie of wat—

- (a) ’n buitelandse diplomaat is;
- (b) ’n buitelandse onderneming is;
- (c) ’n nie-inwoner van die Republiek is;
- (d) ’n toeris is;
- (e) enige—
 - (i) internasionale organisasie is wat ingevolge ’n Samestellende Wet, ’n grondwet of ’n handves vir doeleindes van die bevordering van vrede en sekuriteit, menslike en menseregte en politieke en sosio-ekonomiese ontwikkeling of enige soortgelyke doel gestig is; of
 - (ii) organisasie soortgelyk aan ’n vereniging sonder ’n winsoogmerk of ’n welsynsorganisasie is wat as sulks in daardie uitvoerland geregistreer is; en wat in ’n uitvoerland gestig is en wat nie enige bedrywigheid in die Republiek bedryf nie; of
- (f) vir doeleindes van Afdeling A van Deel Twee, ’n persoon is wat nie ’n inwoner van die Republiek is nie, wat goed by ’n ondernemer in die Republiek verkry met die uitsluitlike doel om daardie goed aan ’n ander persoon wat nie ’n inwoner van die Republiek is nie, te verkoop;

“**nie-inwoner van die Republiek**” beteken ’n natuurlike persoon wat ten tyde van die lewering nie in die Republiek is nie en wat—

- (a) ’n houer van ’n paspoort van ’n ander land as Suid-Afrika is; of
- (b) ’n permanente inwoner van ’n uitvoerland is;

“**nulkoers**” beteken die belastingkoers ingevolge artikel 7(1)(a) gelees saam met artikel 11(1) van die Wet, gehef en gestaaf deur dokumentêre bewyse in artikel 11(3) van die Wet, beoog;

“**omstandighede buite die beheer**” beteken—

- (a) ’n natuurlike of mensgemaakte ramp;
- (b) ’n openbare oproer of onderbreking van dienste; of
- (c) ’n ernstige siekte van of ongeluk rakende die kwalisierende koper of die persoon behoorlik gemagtig om die kwalisierende koper te verteenwoordig;

“**oombliklike titel**” beteken ’n lewering van roerende goed deur ’n ondernemer aan ’n kwalisierende koper in paragraaf (f) van die woordskrywing van “kwalisierende

koper”, beoog en sodanige kwalifiserende koper lewer die roerende goed daaropvolgens aan ’n verdere kwalifiserende koper en eienaarskap in die goed vestig slegs vir ’n oomblik in die eersgenoemde kwalifiserende koper alvorens die goed aan sodanige verdere kwalifiserende koper verkoop word;

“**pakhuis**”, vir doeleindes van Afdeling B van Deel Twee, beteken die agent se perseel waar goedere deur die agent gestoor moet word terwyl dit gekonsolideer word alvorens dit uitgevoer word;

“**registreerbare goed**” beteken roerende goed, insluitend enige lugvaartuig, skip of ander vaartuig, motorfiets of ander voertuig, karavaan of sleepwa ten opsigte waarvan enige vorm van registrasie vereis word kragtens enige wet wat in ’n uitvoerland geld;

“**SARB**” beteken die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank;

“**standaardkoers**” beteken die belastingkoers ingevolge artikel 7(1)(a) van die Wet, gehef;

“**toeris**” beteken ’n persoon wat ’n houer is van ’n paspoort van ’n ander land as Suid-Afrika of ’n Suid-Afrikaanse paspoorthouer wat ’n permanente inwoner van ’n uitvoerland is, wat ten tyde van die aankope in daardie uitvoerland woonagtig is en ten opsigte van wie ’n belastingterugbetaling versoek word;

“**uitvoertydstip**” vir doeleindes van vervoer per lug of see, beteken die tyd soos in artikel 38(3)(b)(i) en (ii) van die Doeane- en Aksynswet, beoog;

“**vervoerkontrakteur**” beteken ’n persoon wie se bedrywighede die vervoer van goed insluit en sluit koeriers en vragvervoeragente in. Vir doeleindes van Afdeling B van Deel Twee, moet die vervoerkontrakteur ’n gelisensieerde vervoerder van goedere onder waarborg wees soos in artikel 64D van die Doeane- en Aksynswet, beoog.

DEEL EEN

PROSEDURES VIR DIE TOESTAAN VAN BELASTINGTERUGBETALINGS AAN KWALIFISERENDE KOPERS WAT IN UITVOERLANDE WOONAGTIG IS OF BESIGHEID BEDRYF

1. Inleiding

Deel Een van hierdie regulasies is van toepassing waar roerende goed deur 'n ondernemer aan 'n kwalifiserende koper gelewer word en die kwalifiserende koper is verantwoordelik daarvoor om die goed vanuit die Republiek uit te voer. Die ondernemer is verplig om belasting teen die standaardkoers te hef op die lewering aan die kwalifiserende koper. Die kwalifiserende koper is vervolgens geregtig op 'n belastingterugbetaling vanaf die BTA onderhewig aan sekere beperkings of voorwaardes soos hierin vervat.

2. Die ondernemer se verantwoordelikhede

(1) Die ondernemer is verplig om belasting teen die standaardkoers op die lewering van roerende goed aan 'n kwalifiserende koper, te hef.

(2) Die ondernemer is verplig om 'n belastingfaktuur aan die kwalifiserende koper uit te reik en behoort die kwalifiserende koper te adviseer dat die kwalifiserende koper geregtig is op 'n terugbetaling van die belasting vanaf die BTA.

(3) Die ondernemer wat tweedehandse goed lewer waarop insetbelasting beoog in paragraaf (b) van die woordoms krywing van "insetbelasting" in artikel 1(1) van die Wet ten tyde van die verkryging daarvan afgetrek is deur die ondernemer of enige ander persoon wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die ondernemer is, moet verseker dat die belastingfaktuur 'n volledige en behoorlike beskrywing van die tweedehandse goed insluit.

(4) Die ondernemer het geen verdere verantwoordelikheid met betrekking tot die belastingterugbetaling wat deur die BTA gedoen moet word nie, behalwe om die Suid-Afrikaanse Inkomstediens van inligting te voorsien indien so versoek word.

3. Die kwalifiserende koper of die vervoerkontraakteur se verantwoordelikhede

(1) Die kwalifiserende koper moet verseker dat die roerende goed uitgevoer word—

(a) vanuit die Republiek binne 90 dae vanaf die datum van die belastingfaktuur, tensy anders bepaal in hierdie regulasies;

(b) *via* 'n benoemde kommersiële deurgang in ooreenstemming met die voorgeskrewe Doeane- en Aksyns prosedure, wat vereis dat die betrokke goed eers aan 'n doeanebeampte verklaar moet word alvorens die belastingterugbetalingseis by die BTA ingedien word. Waar die roerende goed uitgevoer word—

(i) *via* een van die deurgange gelys in paragrawe (a) of (b) van die woordskrywing van “benoemde kommersiële deurgang” deur die kwalifiserende koper persoonlik of deur die kwalifiserende koper se behoorlik gemagtigde agent vir doeleindes om die roerende goed uit te voer, moet die kwalifiserende koper of, in die geval waar die kwalifiserende koper nie 'n natuurlike persoon is nie, die persoon wat behoorlik daartoe gemagtig is om die kwalifiserende koper te verteenwoordig—

(aa) hom- of haarself by 'n doeanebeampte by 'n benoemde kommersiële deurgang aanmeld, tesame met die roerende goed en die ooreenstemmende belastingfaktuur(re) en by 'n BTA beampte waar die BTA by die benoemde kommersiële deurgang teenwoordig is;

(bb) in die geval van roerende goed wat te groot is om as deel van handbagasie gehou te word en as deel van die ingetekende bagasie vervoer word, verseker dat die belastingfaktuur(re) ten opsigte van die betrokke roerende goed deur die doeanebeampte (en deur 'n BTA beampte waar die BTA teenwoordig is by die benoemde kommersiële deurgang) geëndosseer word tot die effek dat die betrokke roerende goed deur die doeanebeampte (en die BTA beampte waar van toepassing) ondersoek is alvorens die roerende goed as deel van die hoofbagasie ingeteken word;

(cc) die doeanebeampte of BTA beampte van alle vereiste besonderhede voorsien; en

(dd) 'n afskrif van die VAT 255 uitgereik deur die BTA beampte bekom en bewaar, waar nodig.

- (ii) *via* een van die kommersiële deurgange gelys in paragraaf (a) van die woordskrywing van “benoemde kommersiële deurgang” deur die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se behoorlik gemagtigde agent vir doeleindes om die roerende goed uit te voer, mag die kwalifiserende koper om ’n belastingterugbetaling by die BTA aansoek doen. Hierdie aansoek om belastingterugbetaling moet deur die BTA ontvang word binne 90 dae vanaf die datum van uitvoer en moet die volgende bevat—
- (aa) die kwalifiserende koper se posadres en bankbesonderhede; en
- (bb) al die dokumentasie voorgeskryf in paragraaf 5, uitgesluit paragraaf 5(3) wat nie in hierdie omstandighede vereis word nie;
- (iii) *via* een van die deurgange gelys in paragraaf (c) van die woordskrywing van “benoemde kommersiële deurgang” deur die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se behoorlik gemagtigde agent vir doeleindes om die roerende goed uit te voer, mag die kwalifiserende koper, nadat die prosedures en vereistes soos uiteengesit in hierdie paragraaf nagekom is, ’n aansoek om belastingterugbetaling by die BTA indien. Die aansoek om belastingterugbetaling moet deur die BTA ontvang word binne 90 dae vanaf die datum van uitvoer en moet die volgende bevat—
- (aa) die kwalifiserende koper se posadres en bankbesonderhede; en
- (bb) al die dokumentasie voorgeskryf in paragraaf 5, uitgesluit paragraaf 5(3) wat nie in hierdie omstandighede vereis word nie;
- (iv) *via* enige van die deurgange gelys in die woordskrywing van “benoemde kommersiële deurgang” deur ’n vervoerkontraakteur wat deur die kwalifiserende koper aangestel is, mag die kwalifiserende koper, slegs nadat die roerende goed deur die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se kliënt in ’n uitvoerland ontvang is, ’n aansoek om belastingterugbetaling by die BTA indien. Hierdie aansoek om belastingterugbetaling moet deur die BTA ontvang word binne 90 dae vanaf die datum van uitvoer en moet die volgende bevat—
- (aa) die kwalifiserende koper se posadres en bankbesonderhede; en
- (bb) al die dokumentasie ingevolge paragraaf 5 vereis.
- (2) Die kwalifiserende koper se vervoerkontraakteur moet verseker dat—
- (a) die roerende goed—

- (i) uitgevoer word vanuit die Republiek binne 90 dae vanaf die datum van die belastingfaktuur, tensy anders bepaal in hierdie regulasies;
 - (ii) uitgevoer word *via* een van die deurgange in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgang” in ooreenstemming met die voorgeskrewe Doeane- en Aksyns prosedure; en
 - (iii) afgelewer word aan die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se kliënt by ’n adres in ’n uitvoerland; en
- (b) ’n belastingfaktuur of ’n faktuur waar die vervoerkontraakteur nie ’n geregistreerde ondernemer is nie, aan die kwalifiserende koper uitgereik word wat die lewering van vervoerdienste ten opsigte van die roerende goed bewys. Daarbenewens, moet die vervoerkontraakteur die toepaslike Doeane- en Aksynsdokumentasie voorgeskryf in paragraaf 5 bekom en bewaar en die kwalifiserende koper van die betrokke dokumente of gesertifiseerde afskrifte daarvan voorsien.

4. Benoemde kommersiële deurgange

(1) Roerende goed moet *via* ’n benoemde kommersiële deurgang uitgevoer word. Sou die benoemde kommersiële deurgange in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgang” gelys nie gebruik word nie, sal die kwalifiserende koper nie geregtig wees op ’n belastingterugbetaling nie.

(2) Die uitvoer en verklaring van roerende goed by deurgange anders as daardie deurgange in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgang” gelys, kan in uitsonderlike omstandighede per aansoek aan en na goedkeuring deur die Kommissaris toegelaat word.

5. Dokumentasie

Die volgende dokumentasie word vereis waar roerende goed per pad, see, lug of spoor uitgevoer word:

- (1) Die oorspronklike belastingfaktuur en—

- (a) behalwe waar die uitvoerland waar die kwalifiserende koper woonagtig is of besigheid bedryf, vereis dat die oorspronklike belastingfaktuur by daardie land se Inkomstediens of ander staatsdepartement ingehandig word, kan 'n gesertifiseerde afskrif van die oorspronklike belastingfaktuur tesame met bewys dat die oorspronklike belastingfaktuur deur die uitvoerland vereis word deur die kwalifiserende koper by die BTA ingedien word; of
- (b) waar 'n diskonto vir stipte betaling van die verskuldigde bedrag aan die kwalifiserende koper aangebied is, moet die voorwaardes, bv. die persentasie of die bedrag, van die diskonto-aanbod vir stipte betaling op die belastingfaktuur vermeld word soos deur voorbehoudsbepaling (C) tot artikel 21(3) vereis; of
- (c) waar die kwalifiserende koper toegelaat word om betalings in paaiemente te doen (uitgesluit betaling kragtens 'n paaiementkredietooreenkoms), moet die kwalifiserende koper 'n stawende betaalskema wat al die paaiemente betaalbaar, die waarde van elke paaiement, asook die spesifieke datum van betaling vir elke paaiement uiteensit, indien; of
- (d) waar die oorspronklike belastingfaktuur elektronies deur die ondernemer uitgereik word, mag die kwalifiserende koper 'n papierafskrif van die oorspronklike belastingfaktuur waarop die woorde "uitgedrukte kopie of afskrif" verskyn en wat deur 'n kommissaris van ede gesertifiseer is by die BTA indien;
- (e) in die geval waar roerende goed wat deel vorm van 'n enkele lewering waarvoor 'n enkele belastingfaktuur uitgereik is in verskeie besendings uitgevoer word, mag 'n gesertifiseerde afskrif van die oorspronklike belastingfaktuur tesame met al die ander vereiste dokumentasie vir die daaropvolgende besendings by die BTA ingedien word.

(2) 'n Afskrif van die kwalifiserende koper se—

- (a) paspoort, insluitend die bladsye wat die kwalifiserende koper se naam, paspoortnommer en land van inwoning reflekteer. Hierdie vereiste is nie van toepassing nie waar die BTA by die betrokke benoemde kommersiële deurgang teenwoordig is en die belastingterugbetaling by die kwalifiserende koper se vertrek uit die Republiek verwerk word; of
- (b) paspoort wat die bladsye wat die volgende reflekteer, insluit—
 - (i) die endossement wat binnekoms in die Republiek reflekteer; en
 - (ii) die endossement wat uitgang vanuit die Republiek reflekteer, waar die kwalifiserende koper of, waar die kwalifiserende koper nie 'n natuurlike persoon is nie, die persoon wat behoorlik gemagtig is om die kwalifiserende koper te verteenwoordig, ten tyde van die aankoop in die Republiek was; of

- (c) handelslisensie of enige ander gelykstaande dokument wat vir die Kommissaris aanvaarbaar is en wat bewys dat die besigheid in 'n uitvoerland bedryf word, asook die magtigingsbrief wat die gemagtigde persoon magtig om die kwalifiserende koper te verteenwoordig en 'n afskrif van die gemagtigde persoon se paspoort; of
- (d) in geval van 'n buitelandse diplomaat, paspoort en 'n brief vanaf die betrokke diplomatieke of konsulêre missie wat vermeld dat hy of sy permanent vanuit die Republiek vertrek; of
- (e) bewys van permanente verblyf in 'n uitvoerland en, in die geval van 'n toeris wat 'n Suid-Afrikaanse paspoorthouer is, bewys dat die persoon tans in die uitvoerland woonagtig is.

(3) 'n Afskrif van die belastingfaktuur of faktuur vanaf die kwalifiserende koper se vervoerkontraakteur aan die kwalifiserende koper waar van toepassing.

(4) Bewys van betaling vir 'n lewering van roerende goed wat R10 000 oorskry. Desnieteenstaande mag die Kommissaris, om die belastingterugbetaling ten opsigte van roerende goed wat uitgevoer word, te kontroleer, bewys van betaling versoek waar die vergoeding vir die roerende goed uitgevoer minder as R10 000 is. Die bewys van betaling moet, waar van toepassing, voldoen aan die SARB se vereistes.

(5) In geval van registreerbare goed, bewys van registrasie in die betrokke uitvoerland (in die vorm van 'n afskrif van die registrasiesertifikaat gesertifiseer deur 'n kommissaris van ede).

(6) Die uitvoerdokumentasie kragtens die Doeane- en Aksynswet voorgeskryf. Waar die kwalifiserende koper—

- (a) 'n reisiger soos beoog in artikel 15 van die Doeane- en Aksynswet en die reëls uitgereik ingevolge daarvan is; en
- (b) nie ingevolge die Doeane- en Aksynswet verplig is om as 'n uitvoerder te registreer nie,

moet die kwalifiserende koper by die BTA bewys van die invoer van die roerende goed in die uitvoerland indien, waar die BTA nie by die benoemde kommersiële deurgang teenwoordig is nie.

6. Die terugbetaling

(1) Die BTA is ingevolge artikel 44(9) van die Wet gemagtig om belasting terug te betaal aan 'n kwalifiserende koper waar die BTA tevrede is dat die kwalifiserende koper—

- (a) al die verantwoordelikhede uiteengesit in paragraaf 3 nagekom het; en

- (b) al die vereiste dokumentasie binne die voorgeskrewe tydperke of enige verlengde tydperk in hierdie regulasies bepaal, ingedien het.
- (2) Die BTA kan die terugbetaling bewerkstellig—
- (a) in die geval van 'n kwalifiserende koper wat in *Botswana, Swaziland of Namibië* woonagtig is, deur 'n tjek in die valuta van die land waarin die kwalifiserende koper woonagtig is uit te reik of by wyse van 'n elektroniese fondsoorplasing (EFO) in die valuta van daardie land na die kwalifiserende koper se benoemde bankrekening gehou by 'n bank geregistreer in daardie land en wat gelykstaande is aan die waarde van die Rand-bedrag soos wat deur die Kommissaris goedgekeur is;
- (b) in die geval van kwalifiserende kopers wat die Republiek verlaat deur een van die deurgange gelys in paragrawe (a), (b) of (c) van die woordomscriwing van “benoemde kommersiële deurgange”, uitgesluit inwoners van *Botswana, Swaziland en Namibië*—
- (i) deur 'n voorafbetaalde debietkaart of soortgelyke kaart uit te reik vir terugbetalings wat R300 oorskry op voorwaarde dat—
- (aa) waar die terugbetaling R300 oorskry, maar nie R3 000 oorskry nie, die fondse op die voorafbetaalde debietkaart gelaai sal word na vertrek van die kwalifiserende koper vanuit die Republiek, op voorwaarde dat die terugbetalingseis nie geselekteer word vir oudit nie (waar die aansoek om 'n belastingterugbetaling geselekteer word vir oudit, sal die prosedure wat van toepassing is op terugbetalings wat R3 000 oorskry van toepassing wees); en
- (bb) waar die terugbetaling R3 000 oorskry, sal die fondse op die voorafbetaalde debietkaart of soortgelyke kaart gelaai word sodra die terugbetaling deur die Kommissaris goedgekeur is; of
- (ii) alternatiewelik, volgens die BTA se diskresie—
- (aa) waar die kwalifiserende koper verkies dat 'n voorafbetaalde debietkaart nie aan hom uitgereik word nie, deur 'n EFO na die kwalifiserende koper se benoemde bankrekening in 'n bedrag gelykstaande aan die Rand-bedrag te doen; of

- (bb) waar die terugbetaling vir minder as R300 is, deur 'n tjek in die valuta van die Republiek aan die kwalifiserende koper uit te reik en die kwalifiserende koper te adviseer om die tjek by die wisselkantoor wat in die internasionale vertrekarea van die betrokke lughawe geleë is te wissel. Waar dit vir die kwalifiserende koper onmoontlik is of die kwalifiserende koper onwillig is om die tjek te wissel, sal die kwalifiserende koper se bankbesonderhede versoek word en die terugbetaling bewerkstellig word deur 'n EFO na die kwalifiserende koper se benoemde bankrekening in 'n bedrag gelykstaande aan die Rand-bedrag te doen; of
- (cc) waar die kwalifiserende koper die Republiek deur enige van die ander benoemde kommersiële deurgange verlaat, deur 'n EFO na die kwalifiserende koper se benoemde bankrekening in 'n bedrag gelykstaande aan die Rand-bedrag te doen;
- (c) waar, vir enige rede, geeneen van die gespesifiseerde betalingsmetodes prakties is nie, en volgens die BTA se diskresie deur—
- (i) 'n tjek getrek op 'n buitelandse bank [dollars (Verenigde State van Amerika) of ponde (Groot Brittanje)]; of
- (ii) die kwalifiserende koper se kredietkaart met die betaling te krediteer, op voorwaarde dat die betalingsmetode voldoen aan die vereistes van die gemeenskaplike monetêregebied en onderhewig aan goedkeuring vanaf SARB;
- (d) alternatiewelik, deur van enige ander betalingsmetode wat deur die Kommissaris goedgekeur is, gebruik te maak.

(3) Waar roerende goed wat deel vorm van 'n enkele lewering in verskeie besendings uitgevoer word, sal die terugbetaling bewerkstellig word ten opsigte van elke besending tot die mate van die waarde van die goed wat uitgevoer is. Die waarde van die roerende goed wat per besending uitgevoer is, sal met verwysing na die betrokke uitvoerdokumentasie vasgestel word.

(4) Waar die kwalifiserende koper toegelaat word om in paaiemente te betaal, sal die terugbetaling bewerkstellig word ten opsigte van elke paaiement tot die mate waartoe betaling gemaak is. Die waarde van elke terugbetaling sal met verwysing na die stawende betaalskema in paragraaf 5(1)(c) beoog tesame met die bewys van betaling vir die spesifieke paaiement vasgestel word.

(5) Indien al die vereistes by vertrek vanaf een van die benoemde kommersiële deurgange waar die BTA teenwoordig is nagekom is (verwys na paragraaf (b) van die woordomsywing van "benoemde kommersiële deurgang"), mag die BTA 'n terugbetaling beperk tot 'n bedrag wat deur die Kommissaris goedgekeur is onmiddellik by daardie benoemde kommersiële deurgang bewerkstellig. Op voorwaarde dat waar—

- (a) die eis vir 'n groter waarde is as wat deur die Kommissaris bepaal is;
- (b) die BTA bepaal het dat die eis eers deur die Kommissaris gemagtig moet word;
- (c) die eis 'n eis is soos in paragrawe 3(1)(b)(iii) of 3(1)(b)(iv) beskryf en die vervoerkontraakteur die roerende goed uitgevoer het deur van 'n deurgang gelys in paragraaf (c) van die woordskrywing van "benoemde kommersiële deurgang" gebruik te maak;

(d) die eis ten opsigte van tweedehandse goed is; of

(e) die eis ten opsigte van registreerbare goed is,

sal die terugbetaling deur die BTA aan die kwalifiserende koper gemaak word slegs na vertrek vanuit die Republiek. Hierdie prosedure is ook van toepassing waar 'n eis by 'n doeanebeampte by 'n benoemde kommersiële deurgang waar die BTA nie teenwoordig is nie, ingehandig word. In daardie geval sal die terugbetaling ingevolge paragraaf 6(2) bewerkstellig word slegs nadat—

(i) die Kommissaris die eis goedgekeur het; of

(ii) in die geval van tweedehandse goed waar die voorbehoudsbepaling tot artikel 11(1) van die Wet gelees saam met artikel 10(12) van die Wet van toepassing is, die Kommissaris die bedrag wat terugbetaalbaar is bepaal het; of

(iii) in geval van registreerbare goed, bewys van registrasie in die betrokke uitvoerland (in die vorm van 'n afskrif van die registrasiesertifikaat deur 'n kommissaris van ede gesertifiseer) by die BTA ingedien word.

(6) Die Kommissaris kan die tydperk waarbinne 'n kwalifiserende koper 'n aansoek om 'n belastingterugbetaling mag indien, verleng waar die Kommissaris tevrede is dat—

(a) dit onmoontlik is vir die kwalifiserende koper om al die vereiste dokumente binne die voorgeskrewe tydperk te bekom as gevolg van omstandighede buite die kwalifiserende koper se beheer; of

(b) die ondernemer foutiewelik belasting teen die nulkoers op die lewering van roerende goed aan 'n kwalifiserende koper gehef het, die kwalifiserende koper vervolgens die bedrag aan belasting wat deur die ondernemer op die lewering gehef moes word, betaal het en dat al die ander vereistes voorgeskryf in hierdie Deel nagekom is.

Met dien verstande dat die verlengde tydperk, in geval van subparagraaf (a), nie 12 maande mag oorskry nie, en in geval van subparagraaf (b), nie 5 jaar vanaf die datum van die oorspronklike nulkoersbelastingfaktuur mag oorskry nie. Met dien verstande voorts dat die tydperk waarbinne die kwalifiserende koper 'n aansoek om 'n belastingterugbetaling moet indien nie 30 dae vanaf die datum van goedkeuring deur die Kommissaris mag oorskry nie.

Die kwalifiserende koper moet, ten opsigte van paragraaf 6(6) en waar toepaslik, die uitvoerdokumentasie ingevolge die Doeane- en Aksynswet voorgeskryf, verkry en behou, of 'n bewys van invoer in die uitvoerland verkry, waar die uitvoerdokumentasie nie vereis word nie.

- (7) Geen belasting sal terugbetaal word nie waar—
- (a) die kwalifiserende koper die roerende goed uitgevoer het meer as 90 dae na die datum van die belastingfaktuur tensy anders bepaal in hierdie regulasies;
 - (b) die totaal (belasting ingesluit) van alle roerende goed wat deur die kwalifiserende koper aangekoop is tydens 'n bepaalde besoek aan die Republiek en aan die einde van daardie besoek deur die kwalifiserende koper uitgevoer word nie R250 per kwalifiserende koper oorskry nie;
 - (c) die houer van 'n buitelandse paspoort 'n permanente inwoner van die Republiek is; of
 - (d) die kwalifiserende koper se eggenoot(e) 'n permanente inwoner van die Republiek is.

7. Kommissie ten opsigte van terugbetalings

Die BTA sal 'n kommissie, soos tussen die BTA en die Kommissaris ooreengekom, van die belasting wat terugbetaalbaar is aan die kwalifiserende koper aftrek.

DEEL TWEE – AFDELING A**PROSEDURES VIR DIE ONDERNEMER WAT KIES OM ROERENDE GOED TEEN DIE NULKOERS AAN 'n KWALIFISERENDE KOPER TE LEWER WAAR DIE ROERENDE GOED AANVANKLIK BY 'n HAWE OF LUGHAWE AFGELEWER WORD, OF DEUR MIDDEL VAN 'n PYPLYN OF ELEKTRIESE TRANSMISSIELYN IN DIE REPUBLIEK GELEWER WORD, ALVORENS DIT UITGEVOER WORD****8. Inleiding**

(1) Afdeling A van Deel Twee van hierdie regulasies is van toepassing waar 'n ondernemer roerende goed aan 'n kwalifiserende koper lewer en die ondernemer kies om belasting teen die nulkoers op die lewering van die goed te hef.

(2) Die ondernemer mag slegs kies om belasting teen die nulkoers te hef waar—

- (a) die ondernemer verseker dat die roerende goed by enige van die hawens of lughawens gelys in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgang” afgelewer word (ongeach die kontraktuele voorwaardes van lewering), vanwaar die roerende goed deur die kwalifiserende koper uitgevoer gaan word. Die uitvoer en verklaring van roerende goed by deurgange anders as daardie deurgange in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgang”, gelys, kan in uitsonderlike omstandighede per aansoek aan en na goedkeuring deur die Kommissaris toegelaat word;
- (b) die roerende goed deur middel van 'n pyplyn of elektriese transmissielyn uitgevoer word;
- (c) die ondernemer die goed op die grondslag van “oombliklike titel” aan 'n kwalifiserende koper lewer; of
- (d) die ondernemer roerende goed aan 'n kwalifiserende koper lewer en—
 - (i) die tyd van lewering deur artikels 9(1) of 9(3)(b)(i) of (ii) van die Wet gereguleer word;
 - (ii) die roerende goed aan 'n proses van herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering onderhewig is deur 'n ander ondernemer as die ondernemer wat die goed in die Republiek gelewer het;

- (iii) die ondernemer verseker dat die roerende goed by die perseel van die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering verantwoordelik is, afgelewer word vir sodanige verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering; en
 - (iv) die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering verantwoordelik is, verseker dat die roerende goed vervolgens by enige van die hawens of lughawens wat in die woordskrywing van “benoemde kommersiële deurgang” gelys is, afgelewer word; of
- (e) die ondernemer roerende goed aan 'n kwalifiserende koper of 'n geregistreerde ondernemer lewer, en die roerende goed—
- (i) by die benoemde hawe of lughawe geleë is;
 - (ii) aan òf die hawe-owerheid, gesagvoerder van die betrokke skip, houerbediener of die loods van die betrokke vliegtuig afgelewer word òf in die beheergebied van die betrokke lughawe-owerheid ingebring word; en
 - (iii) bestem is om vanuit die Republiek uitgevoer te word.
- (3) Die ondernemer wat kies om nie teen die nulkoers te lewer nie, moet belasting teen die standaardkoers hef en die kwalifiserende koper kan ooreenkomstig die bepalings van Deel Een van hierdie regulasies om 'n terugbetaling aansoek doen.

9. Verantwoordelikhede van die ondernemer wat die roerende goed lewer en van die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering van die roerende goed verantwoordelik is

- (1) Die ondernemer wat die roerende goed lewer, moet—
- (a) verseker dat die roerende goed by enige van die benoemde hawens of lughawens soos in die woordskrywing van “benoemde kommersiële deurgange”, gelys, afgelewer word. Hierdie bepaling sal nie van toepassing wees nie waar die roerende goed afgelewer word by die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering verantwoordelik is, alvorens die roerende goed uitgevoer word;
 - (b) die toepaslike dokumentêre bewys in paragraaf 10 uiteengesit, verkry en bewaar vir 'n tydperk van 5 jaar soos beoog in artikel 55 van die Wet en Deel A van Hoofstuk 4 van die BA Wet;

- (c) aan die prosedures in paragrawe 14 en 15 uiteengesit, voldoen;
- (d) verseker dat die nulkoers nie toegepas word nie ten opsigte van die lewering van tweedehandse goed waar die voorbehoudsbepaling tot artikel 11(1) van die Wet gelees saam met die bepalings van artikel 10(12) van die Wet van toepassing is nie.

(2) Die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering van die roerende goed verantwoordelik is, moet—

- (a) na voltooiing van die genoemde proses, verseker dat die roerende goed by enige van die benoemde kommersiële hawens of lughawens soos in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgange”, gelys, afgelewer word waar dit so vereis word;
- (b) die uitvoerdokumentasie ingevolge die Doeane- en Aksynswet voorgeskryf, bekom en bewaar;
- (c) aan die prosedures in paragrawe 15 en 16 uiteengesit, voldoen;
- (d) binne 21 dae vanaf die datum wat die roerende goed uitgevoer is of uitgevoer behoort te gewees het, die ondernemer van 'n staat wat die besonderhede soos uiteengesit in paragraaf 10(1)(g)(ii) bevat, voorsien.

10. Dokumentasie¹

(1) Die ondernemer wat die roerende goed lewer, moet die volgende dokumentasie bekom en bewaar—

- (a) 'n afskrif van die nulkoers belastingfaktuur uitgereik aan die kwalifiserende koper. Waar dit 'n lewering van tweedehandse goed is waarop insetbelasting ingevolge paragraaf (b) van die woordoms krywing van “insetbelasting” in artikel 1(1) van die Wet ten tyde van die verkryging daarvan afgetrek is of afgetrek mag word deur die ondernemer of enige ander persoon wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die ondernemer is, moet die ondernemer verseker dat die belastingfaktuur aan die vereistes van artikel 20(4) van die Wet voldoen;

¹ Neem kennis dat alle dokumentasie gehou of bewaar moet word ingevolge artikel 30 van die BA Wet gelees tesame met publieke kennisgewing GN787 gepubliseer in *Staatskoerant* 35733 van 1 Oktober 2012.

- (b) 'n afskrif van die kwalifiserende koper se—
- (i) paspoort, insluitend die bladsye wat die kwalifiserende koper se naam, paspoortnommer en land van inwoning reflekteer. Waar die kwalifiserende koper of, indien die kwalifiserende koper nie 'n natuurlike persoon is nie, die persoon wat behoorlik gemagtig is om die kwalifiserende koper te verteenwoordig in die Republiek was ten tyde van die lewering, moet die paspoort ook die bladsye insluit wat die endossement—
 - (aa) wat binnekoms in die Republiek; en
 - (bb) wat uitgang vanuit die Republiek, reflekteer.
 - (ii) handelslisensie of enige ander gelykstaande dokument wat aanvaarbaar is vir die Kommissaris en wat bewys dat die besigheid in 'n uitvoerland bedryf word, asook die magtigingsbrief wat die persoon magtig om die kwalifiserende koper te verteenwoordig en 'n afskrif van die gemagtigde persoon se paspoort; of
 - (iii) in die geval van 'n buitelandse diplomaat, paspoort en 'n brief vanaf die betrokke diplomatieke of konsulêre missie wat vermeld dat hy of sy permanent vanuit die Republiek vertrek;
- (c) die kwalifiserende koper se bestelling of die kontrak tussen die ondernemer en die kwalifiserende koper;
- (d) die bewys van betaling ten opsigte van die lewering van die roerende goed aan die kwalifiserende koper. Die bewys van betaling moet, waar dit toepaslik is, aan SARB se vereistes voldoen;
- (e) bewys van aflewering van die roerende goed by 'n benoemde hawe of lughawe;
- (f) die uitvoerdokumentasie kragtens die Doeane- en Aksynswet voorgeskryf; en
- (g) waar die bepalings van subparagraaf 8(2)(d) van toepassing is, die volgende bykomende dokumentasie—
- (i) bewys van aflewering van die roerende goed aan die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering verantwoordelik is;
 - (ii) 'n staat vanaf die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering verantwoordelik is, wat die volgende besonderhede bevat—

- (aa) die faktuurnommer en die datum van uitreiking van die belastingfaktuur wat deur die ondernemer wat vir die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering verantwoordelik is, aan die kwalifiserende koper uitgereik is, ten opsigte van die dienste gelewer of die ooreenkoms deur en tussen die voornoemde ondernemer en die kwalifiserende koper vir die lewering van dienste aangegaan;
- (bb) 'n bevestiging dat die roerende goed wat deur die ondernemer gelewer is en aan die kwalifiserende koper afgelewer is, in die verdere prosessering, herstel, verbetering, vervaardiging, montering of verandering van die roerende goed gebruik is;
- (cc) die besonderhede van die uitvoerdokumentasie kragtens die Doeane- en Aksynswet voorgeskryf, byvoorbeeld die MRN en LRN verwysingsnommers van die uitvoerverklaring;

Met dien verstande dat waar die roerende goed deur middel van 'n pyplyn of elektriese transmissielyn uitgevoer word, die Kommissaris per aansoek deur die ondernemer, die dokumentêre bewyse wat bekom en bewaar moet word deur die ondernemer sal bepaal, insluitend maar nie beperk nie tot—

- (i) die uitvoerdokumentasie kragtens die Doeane- en Aksynswet, voorgeskryf;
- (ii) 'n belastingfaktuur; en
- (iii) bewys van betaling wat, waar toepaslik, aan die SARB se vereistes moet voldoen.

DEEL TWEE – AFDELING B**PROSEDURES VIR DIE ONDERNEMER WAT KIES OM ROERENDE GOED AAN 'n KWALIFISERENDE KOPER TEEN DIE NULKOERS TE LEWER WAAR DIE ROERENDE GOED PER PAD OF SPOOR UITGEVOER STAAN TE WORD****11. Inleiding**

- (1) Afdeling B van Deel Twee van hierdie regulasies is van toepassing—
- (a) waar 'n ondernemer roerende goed aan 'n kwalifiserende koper lewer en daardie goed vanuit die Republiek deur die kwalifiserende koper se agent uitgevoer staan te word en die ondernemer kies om belasting teen die nulkoers op die lewering van die goed te hef; of
- (b) op die lewering en uitvoer van spesifieke smeerolies deur die vervaardigers daarvan in die Olie- en Gas Industrie.

12. Roerende goed uitgevoer per pad of spoor

(1) Vir doeleindes van Afdeling B van Deel Twee van hierdie regulasies sluit “uitvoerbewys” die uitvoerdokumentasie kragtens die Doane- en Aksynswet voorgeskryf, in.

(2) Ten einde die ondernemer in staat te stel om te kies om roerende goed wat per pad of spoor uitgevoer word teen die nulkoers te lewer—

- (a) moet die ondernemer—
- (i) die roerende goed na die agent se perseel versend of by die agent se perseel aflewer (ongeg die kontraktuele voorwaardes van lewering); of
- (ii) verseker dat die roerende goed by die agent se perseel afgelewer word.

(3) *Die rol en verantwoordelikhede van die ondernemer*

- (a) Die ondernemer aanvaar 'n bestelling vanaf, of gaan 'n ooreenkoms aan met, 'n kwalifiserende koper.
- (b) Die ondernemer moet—
- (i) bevestiging bekom—
- (aa) dat die kwalifiserende koper 'n agent aangestel het; en
- (bb) dat die kwalifiserende koper se agent 'n geregistreerde doeanekliënt is;

- (ii) 'n belastingfaktuur aan die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se agent uitreik vir die goed gelewer;
 - (iii) betaling vanaf die kwalifiserende koper ten opsigte van die goed wat gelewer is, ontvang;
 - (iv) die roerende goed versend na of aflewer by die agent se perseel (ongegag die kontraktuele voorwaardes van lewering) of verseker dat die roerende goed by die agent se perseel afgelewer word;
 - (v) die volgende bekom en bewaar—
 - (aa) bewys dat die roerende goed by die agent afgelewer is;
 - (bb) bevestiging van die uitvoerbewys binne die voorgeskrewe tydperk vanaf die agent; en
 - (cc) 'n staat vanaf die agent wat 'n voorraadrekonsiliasie van al die roerende goed wat vanaf die ondernemer ontvang is en na die spesifieke kwalifiserende koper uitgevoer is deur die agent of 'n vervoerkontraakteur wat òf deur die kwalifiserende koper òf deur die agent gekontraakteur is;
 - (vi) verseker dat die roerende goed vanuit die Republiek uitgevoer word binne 'n tydperk van 90 dae bereken vanaf die vroegste van die tydstip waarop 'n faktuur deur die ondernemer uitgereik word of die tydstip waarop enige betaling van vergoeding deur die ondernemer ontvang word en die vereiste dokumentasie binne die voorgeskrewe tydperk bekom.
- (c) Indien die ondernemer versuim om aan die bogenoemde vereistes te voldoen, sal die lewering gegag word om aan belasting teen die standaardkoers onderhewig te wees. Die ondernemer moet gevolglik uitsetbelasting bereken deur die belastingbreukdeel op die vergoeding toe te pas (die verkoopprijs word gegag om belasting in te sluit ingevolge artikel 64(1) van die Wet).
- (d) Die ondernemer moet voorts ook aan die vereistes in paragrawe 15 en 16, uiteengesit, voldoen.
- (4) *Die rol en verantwoordelikhede van die agent*
- (a) Die agent word deur die kwalifiserende koper aangestel om goed wat deur een of meer leweraars aan die kwalifiserende koper gelewer is te versamel, te konsolideer en uit te voer.

- (b) Die agent moet—
- (i) 'n ooreenkoms met die kwalifiserende koper aangaan ingevolge waarvan die agent as die kwalifiserende koper se Suid-Afrikaanse verteenwoordiger vir doeanedoeleindes sowel as die kwalifiserende koper se agent met betrekking tot alle lewerings wat deur ondernemers aan daardie kwalifiserende koper gemaak word ingevolge hierdie Deel, aangestel word;
 - (ii) soos in die reëls vir artikel 59A van die Doeane- en Aksynswet, voorgeskryf, geregistreer wees asook as 'n vervoerder van goedere onder waarborg gelisensieer wees;
 - (iii) die goed in ontvangs neem, 'n “ontvangsbewys” aan die ondernemer of die ondernemer se vervoerkontraakteur uitreik en dit in 'n pakhuis² inskryf;
 - (iv) die belastingfaktuur of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan vanaf die ondernemer ontvang;
 - (v) die goedere, alvorens dit vanuit die pakhuis verwyder word, namens die kwalifiserende koper vir uitvoer verklaar;
 - (vi) die volgende bekom en bewaar—
 - (aa) die “proceed to port” kennisgewing ten opsigte van die roerende goed wat uitgevoer staan te word;
 - (bb) die “uitvoerbewys”; en
 - (cc) òf bewys van invoer in die uitvoerland òf bewys van aflewering van die roerende goed by die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se agent in die uitvoerland;
 - (vii) 'n staat wat die besonderhede rakende die “uitvoerbewys” bevat aan die ondernemer verskaf;
 - (viii) behoorlike voorraadbeheer en rekonsiliasie van goed ontvang en uitgevoer per ondernemer handhaaf;
 - (ix) 'n voorraadrekonsiliasie soos in subparagraaf (viii) gelys aan die ondernemer verskaf binne 21 dae vanaf die datum wat die roerende goed uitgevoer is of uitgevoer moes gewees het;
 - (x) die roerende goed vanuit die Republiek uitvoer binne 'n tydperk van 90 dae bereken vanaf die vroegste van die tydstip waarop 'n faktuur deur die ondernemer uitgereik word of die tydstip waarop enige betaling van vergoeding deur die ondernemer ontvang word en die vereiste dokumentasie binne die voorgeskrewe tydperk bekom.

² Neem kennis dat hierdie nie 'n doane- en aksyns pakhuis ingevolge die Doeane- en Aksynswet, gelisensieerd, is nie.

- (c) Indien die agent versuim om aan die bogenoemde vereistes te voldoen, sal die lewering geag word om aan belasting teen die standaardkoers onderhewig te wees. Die ondernemer (d.i. die onderskeie leweraar(s)) moet gevolglik uitsetbelasting bereken deur die belastingbreukdeel op die vergoeding vir die lewering van die roerende goed toe te pas (die verkoopprijs word geag belasting in te sluit ingevolge artikel 64(1) van die Wet).
- (d) Die agent moet aan die vereistes in paragrawe 15 en 16 uiteengesit, voldoen.
- (5) *Die rol en verantwoordelikhede van die vervoerkontraakteur*
- (a) Die vervoerkontraakteur, wat die agent kan wees, kan kontraktueel verbind wees aan òf—
- (i) die ondernemer, die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se agent vir die verskuiwing van die goed vanaf die ondernemer se perseel na die agent se perseel. Die vervoerkontraakteur moet—
- (aa) die roerende goed by die pakhuis aflewer;
- (bb) as 'n vervoerder van goedere onder waarborg, gelisensieer wees; en
- (cc) bewys van aflewering van die roerende goed by die pakhuis bekom en bewaar; òf
- (ii) die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se agent vir die uitvoer van die roerende goed vanaf die agent se perseel na die kwalifiserende koper in die uitvoerland. Die vervoerkontraakteur moet—
- (aa) die roerende goed by die kwalifiserende koper aflewer *via* een van die benoemde grensposte in die woordoms krywing van “benoemde kommersiële deurgange” gelys;
- (bb) as 'n vervoerder van goedere onder waarborg, gelisensieer wees;
- (cc) die uitvoerbewys vanuit die Republiek na die uitvoerland bekom; en
- (dd) òf bewys van invoer van die goed in die uitvoerland òf bewys van aflewering van die roerende goed by die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se agent in die uitvoerland bekom.
- (6) *Rol en verantwoordelikhede van die kwalifiserende koper*
- (a) Die kwalifiserende koper bestel vanaf of gaan 'n ooreenkoms aan met 'n ondernemer vir die lewering van roerende goed om vanuit die Republiek na 'n uitvoerland uitgevoer te word.

- (b) Die kwalifiserende koper moet soos voorgeskryf in reël 59A.03(1) tot die Doeane- en Aksynswet as 'n "uitvoerder" registreer en 'n agent as die kwalifiserende koper se Suid-Afrikaanse verteenwoordiger vir doeanedoeleindes aanstel en 'n ooreenkoms met die kwalifiserende koper se agent in die Republiek aangaan ten einde die vereistes van hierdie Deel na te kom.
- (c) Die kwalifiserende koper moet die ondernemer betaal vir die lewering van die roerende goed.

(7) *Tydperke ten opsigte van uitvoer*

Die roerende goed mag in die agent se pakhuis gestoor word, maar moet uitgevoer word vanuit die Republiek binne 90 dae bereken vanaf die vroegste van die tydstip waarop 'n faktuur deur die ondernemer uitgereik word of die tydstip waarop enige betaling van vergoeding deur die ondernemer ontvang word.

(8) *Betaling ten opsigte van die lewering*

- (a) Betaling vir die lewering van goed kragtens hierdie Deel moet—
- (i) deur die ondernemer vanaf die kwalifiserende koper ontvang word;
 - (ii) op die Elektroniese Uitvoer Monitoringsstelsel en aan SARB *via* die "Cross Border Foreign Exchange Transaction Reporting System (CBFETRS)" gerapporteer word; en
 - (iii) op die toepaslike doeanedeklarasie met die korrekte verpligte uitvoerderskode (CCN) en unieke besendingsverwysing (UCR) voorgeskryf ingevolge die Doeane- en Aksynswet gerapporteer word.
- (b) Die betaling moet in ooreenstemming met SARB se buitelandse valutaregulasies wees.

(9) *Olie- en Gas Industrie*

Vir doeleindes van die Olie- en Gas Industrie, sal die nulkoers slegs van toepassing wees op smeerolies en ghries wat nie van rou materiale soos alifatiese oplosmiddels vervaardig is nie wat deur die vervaardigers daarvan in die industrie wat per pad of spoor deur die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se vervoerkontraakteur uitgevoer word en wat onder tariefopskrifte 2710.12.47, 2710.12.49 of 2710.12.52 ingevolge die Doeane- en Aksynswet, geklaar word. Die heffing van die nulkoers strek nie tot die uitvoer van brandstofheffinggoedere nie.

³ Neem kennis dat alle dokumentasie gehou of bewaar moet word ingevolge artikel 30 van die BA Wet gelees saam met publieke kennisgewing GN787 gepubliseer in *Staatskoerant* 35733 van 1 Oktober 2012.

13. Dokumentasie³

- (1) Die ondernemer moet die volgende dokumentasie bekom en bewaar:
- (a) 'n Afskrif van die nulkoers belastingfaktuur aan die kwalifiserende koper, uitgereik. Waar dit 'n lewering van tweedehandse goed is waarop insetbelasting, soos bedoel in paragraaf (b) van die woordomskrywing van "insetbelasting" in artikel 1(1) van die Wet, afgetrek is of afgetrek mag word deur die ondernemer of enige ander persoon wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die ondernemer ten tye van die verkryging daarvan is, moet die ondernemer verseker dat die belastingfaktuur aan die vereistes van artikel 20(4) van die Wet voldoen;
 - (b) 'n Afskrif van die kwalifiserende koper se—
 - (i) paspoort, insluitend die bladsye wat die kwalifiserende koper se naam, paspoortnommer en land van inwoning reflekteer. Waar die kwalifiserende koper of, indien die kwalifiserende koper nie 'n natuurlike persoon is nie, die persoon wat behoorlik gemagtig is om die kwalifiserende koper te verteenwoordig in die Republiek was ten tyde van die aankoop, moet die paspoort ook daardie bladsye insluit wat die endossement—
 - (aa) wat binnekoms in die Republiek; en
 - (bb) wat uitgang vanuit die Republiek, reflekteer;
 - (ii) handelslisensie of enige ander gelykstaande dokument wat vir die Kommissaris aanvaarbaar is en wat bewys dat die besigheid in 'n uitvoerland bedryf word, sowel as die magtigingsbrief en 'n afskrif van die gematigde persoon se paspoort; of
 - (c) Die kwalifiserende koper se bestelling of die kontrak tussen die ondernemer en die kwalifiserende koper;
 - (d) Die bewys van betaling ten opsigte van die roerende goed aan die kwalifiserende koper gelewer. Die bewys van betaling moet, waar toepaslik, aan die SARB se vereistes voldoen;
 - (e) Bewys van aflewering van die roerende goed by die agent se perseel;
 - (f) 'n Staat soos bedoel in paragraaf 12(3)(b)(v)(cc), vanaf die agent; en
 - (g) Bevestiging van die "uitvoerbewys" vanaf die agent.
- (2) Die agent moet die volgende dokumentasie bekom en bewaar:
- (a) 'n Afskrif van die ooreenkoms deur en tussen die agent en die kwalifiserende koper aangegaan ingevolge waarvan die kwalifiserende koper die agent vir die doeleindes in paragraaf 12(4)(b)(i) bedoel aanstel, of bevestiging van sodanige ooreenkoms en aanstelling;

- (b) Bewys van lisensiëring as 'n vervoerder van goedere onder waarborg;
- (c) Bewys van invoer van die roerende goed in die uitvoerland òf bewys van aflewering van die roerende goed aan die kwalifiserende koper of die kwalifiserende koper se klant in die uitvoerland;
- (d) 'n Afskrif van die voorraadrekonsiliasie soos in paragraaf 12(4)(b)(viii), bedoel;
- (e) Die "uitvoerbewys".

(3) Die vervaardigers van smeerolies en ghries soos in paragraaf 12(9) bedoel, moet die volgende dokumentasie bekom en bewaar:

- (a) 'n Afskrif van die nulkoers belastingfaktuur aan die kwalifiserende koper uitgereik. In die geval van die lewering wat uit tweedehandse goed bestaan waarop insetbelasting ingevolge paragraaf (b) van die woordoms krywing van "insetbelasting" in artikel 1(1) van die Wet afgetrek is of afgetrek mag word deur die ondernemer of enige ander persoon wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die ondernemer ten tyde van die verkryging daarvan is, moet die ondernemer verseker dat die belastingfaktuur aan die vereistes van artikel 20(4) van die Wet voldoen;
- (b) 'n Afskrif van die kwalifiserende koper se handelslisensie of enige ander gelykstaande dokument wat vir die Kommissaris aanvaarbaar is en wat bewys dat die besigheid in 'n uitvoerland bedryf word, sowel as die magtigingsbrief en 'n afskrif van die gemagtigde persoon se paspoort;
- (c) Die kwalifiserende koper se bestelling of die kontrak tussen die ondernemer en die kwalifiserende koper;
- (d) Die bewys van betaling ten opsigte van die roerende goed aan die kwalifiserende koper gelewer. Die bewys van betaling moet, waar toepaslik, aan die SARB se vereistes voldoen;
- (e) Die "uitvoerbewys".

DEEL DRIE

14. Inleiding

Hierdie Deel van hierdie regulasies sit die tydperke waarbinne roerende goed vanuit die Republiek uitgevoer moet word, die party wat verantwoordelik is vir die uitvoer van die goed asook die tydperke waarbinne die vereiste dokumentêre bewyse bekom moet word, uiteen.

15. Uitvoertydperke (van toepassing op Deel Een, Twee – Afdeling A en Twee – Afdeling B)

(1) Algemene reël

- (a) Roerende goed moet, onderhewig aan die uitsonderings in subparagraaf 2 gelys, binne 90 dae vanaf die tydstip waarop 'n belastingfaktuur deur die ondernemer uitgereik word of die tydstip waarop enige betaling van vergoeding deur die ondernemer ontvang word, watter tydstip ook al die vroegste is, vanuit die Republiek uitgevoer word. Die roerende goed moet, vir doeleindes van Deel Een, binne 90 dae vanaf die datum van die belastingfaktuur uitgevoer word.
- (b) Die bepalings van die Wet wat die reëls rakende verbonde persone uiteensit, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n lewering van roerende goed wat uitgevoer word waar die ondernemer en die kwalifiserende koper verbonde persone is.

(2) Uitsonderings

- (a) Die lewering van roerende goed ten opsigte waarvan 'n voorskot vereis word, moet binne 30 dae vanaf die datum(s) vir uitvoer waarop die ondernemer en die kwalifiserende koper kontraktueel ooreengekom het, uitgevoer word;
- (b) Die lewering van edele metale wat per lug vanuit die Republiek uitgevoer word, moet binne 30 dae vanaf die datum van die uitvoerinstruksie per die kwalifiserende koper wat die edele metaal verkry se "Uitvoerinstruksie", uitgevoer word.
- (c) Die lewering van roerende goed—
 - (i) ten opsigte waarvan die tyd van lewering deur artikels 9(1) of 9(3)(b)(i) of
 - (ii) gereguleer word; en

- (ii) wat onderhewig is aan 'n proses van herstel, verbetering, oprigting, vervaardiging, montering of verandering, moet binne 90 dae bereken vanaf die datum van voltooiing van die genoemde proses vanuit die Republiek uitgevoer word;
- (d) Die lewering deur 'n ondernemer aan 'n kwalifiserende koper van enige gedeelte van 'n gejagte dier wat onderhewig is aan 'n proses van preservering of montering in 'n trofee, moet binne 'n tydperk van 7 maande bereken vanaf die tydstip wat 'n belastingfaktuur uitgereik word of die tydstip waarop enige betaling van vergoeding deur die ondernemer ontvang word, watter tydstip ook al die vroegste is, uitgevoer word;
- (e) Die lewering deur 'n ondernemer van tenkhouers wat vir die vervoer van grootmaat vloeistowwe, poeiers of gasse op 'n skip op vreemde vaart gebruik gaan word moet binne 'n tydperk van 6 maande bereken vanaf die datum van voltooiing van die vervaardiging of rekondisionering van die tenkhouer vanuit die Republiek uitgevoer word;
- (f) (i) Vir doeleindes van Afdelings A en B van Deel Twee kan die Kommissaris die tydperk waarbinne roerende goed wat deur 'n ondernemer aan 'n kwalifiserende koper gelewer is vanuit die Republiek uitgevoer moet word, verleng waar die roerende goed nie binne die tydperke ingevolge subparagrafe (1) en (2)(a) tot (e) vereis, uitgevoer is nie as gevolg van òf omstandighede buite die beheer van die ondernemer òf buitengewone kommersiële vertragings of hindernisse. Die ondernemer moet 'n geskrewe aansoek om 'n bindende privaat- of klasbeslissing by die Kommissaris indien òf per e-pos na VATRulings@sars.gov.za òf per faks na 0865409390 alvorens die 90-dag tydperk ingevolge subparagraaf (1) verstryk of alvorens die verlengde tydperk ingevolge subparagrafe (2)(a) tot (e) verstryk vir die bevestiging van die verlenging van die genoemde 90-dag of sogenaamde ander verlengde tydperk. Sogenaamde aansoek moet die omstandighede wat as omstandighede buite die beheer van die ondernemer of as buitengewone kommersiële vertragings of hindernisse geag sal word, uiteensit.

- (ii) Indien die kwalifiserende koper nie daartoe in staat is om die aansoek soos hierbo vereis in te dien nie, moet die kwalifiserende koper binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die verstryking van die tydperk waarbinne die aansoek ingedien behoort te gewees het, 'n aansoek by die Kommissaris òf per e-pos na VATRulings@sars.gov.za òf per faks na 0865409390, indien. So 'n aansoek moet beide die omstandighede wat as buite die beheer van die ondernemer òf as buitengewone kommersiële verdragings of hindernisse geag sal word en die redes wat bewys waarom die aansoek nie betyds ingedien kon word nie, uiteensit.
- (iii) Buitengewone kommersiële verdragings of hindernisse, vir doeleindes van subparagraaf (f), beteken—
- (aa) 'n kwalifiserende koper wat nie daartoe in staat is om vervoer vir die uitvoer van die roerende goed te verseker nie. Hierdie bepaling is nie van toepassing nie waar 'n kwalifiserende koper as gevolg van finansiële hindernisse wat deur die kwalifiserende koper ervaar word, nie die vervoer kan verseker nie;
- (bb) 'n bestelling of 'n ooreenkoms waar die terme deur die ontvanger gewysig word; of
- (cc) spesifieke vereistes wat betrekking het op spesifieke tipe goed (bv. registreerbare goed) wat deur die uitvoerland ingestel is;
- (3) Waar die bepalings van subparagraaf (2) van toepassing is, moet die ondernemer bewyse wat die toepassing van die betrokke uitsondering bewys, bekom en bewaar.

16. Typerk waarin dokumentêre bewys bekom moet word (van toepassing op Deel Twee – Afdeling A en Deel Twee – Afdeling B)

(1) Die voorgeskrewe dokumentêre bewyse moet binne 90 dae bereken vanaf die datum wat die roerende goed uitgevoer behoort te word soos in paragraaf 15 beoog, deur die ondernemer wat kies om roerende goed teen die nulkoers te lewer soos in Afdelings A en B van Deel Twee beoog, te lewer, of die kwalifiserende koper se agent, watter een ookal van toepassing is, bekom word en soos in artikel 55 van die Wet en Deel A van Hoofstuk 4 van die BA Wet beoog, bewaar word. Indien die vereiste dokumentêre bewyse nie deur òf die ondernemer òf die kwalifiserende koper se agent binne die voorgeskrewe tydperk soos in paragraaf (1) uiteengesit bekom word nie, word die vereistes van artikel 11(3) nie nagekom nie en kon BTW dus nie teen die nulkoers ingevolge artikel 11(1) gehef word nie.

(3) Die ondernemer moet gevolglik verantwoording doen vir uitsetbelasting op die lewering. Die uitsetbelasting word bereken deur die belastingbreukdeel op die vergoeding vir die lewering toe te pas. Die ondernemer moet die bedrag uitsetbelasting in Blok 12 van die opgawe wat ingedien word vir die belastingtydperk waarin die genoemde tydperk van 90 dae eindig, insluit.

(4) Indien die ondernemer of die agent, watter een ook al van toepassing is, die dokumentasie ten opsigte waarvan uitsetbelasting ingevolge paragraaf (3) bereken is binne vyf jaar vanaf die einde van die belastingtydperk waarin die oorspronklike belastingfaktuur ten opsigte van daardie lewering uitgereik moes gewees het, ontvang, kan die bedrag bereken ingevolge subparagraaf (3) as 'n verrekening afgetrek word in Blok 18 van die opgawe wat ingedien word vir die belastingtydperk waarin die dokumentasie ontvang word: Met dien verstande dat die ondernemer bewyse aan die Kommissaris moet kan voorsien dat die ondernemer—

- (a) die belasbare lewering vir vergoeding in geld gemaak het;
- (b) 'n opgawe ten opsigte van die belastingtydperk waarin die uitsetbelasting bereken ingevolge subparagraaf (3) betaalbaar was, ingedien het; en
- (c) behoorlik vir die uitsetbelasting op daardie lewering soos in subparagraaf (3) beoog, verantwoord het.

(5) Vir doeleindes van Afdelings A en B van Deel Twee kan die Kommissaris die tydperk waarbinne die vereiste dokumentêre bewyse deur die ondernemer bekom moet word, verleng waar daardie dokumentêre bewyse nie binne die voorgeskrewe tydperke ingevolge subparagraaf (1) as gevolg van omstandighede buite die beheer van die ondernemer bekom is nie. Die ondernemer moet 'n geskrewe aansoek om 'n bindende privaat- of klasbeslissing by die Kommissaris indien of per e-pos na VATRulings@sars.gov.za of per faks na 0865409390 alvorens die 90-dag tydperk ingevolge subparagraaf (1) verstryk vir die bevestiging van die verlenging van die genoemde 90-dag tydperk. Sodanige aansoek moet die omstandighede wat die ondernemer verhoed het om die dokumentasie tydig te bekom, uiteensit.

(6) Die ondernemer, indien alle ander dokumentêre bewyse bekom is, is nie verplig om verantwoording te doen vir die uitsetbelasting waar die ondernemer nie die vereiste bewys van betaling vir die totale vergoeding binne die voorgeskrewe tydperk ingevolge subparagraaf (1), bekom het nie indien—

- (a) die ondernemer met die kwalifiserende koper 'n geskrewe ooreenkoms aangegaan het ingevolge waarvan betaling van die vergoeding ten opsigte van die lewering gemaak mag word na of oor 'n tydperk wat die 90 dae oorskry, maar nie 6 maande oorskry nie;

- (b) die ondernemer met die kwalifiserende koper 'n geskrewe ooreenkoms aangegaan het ingevolge waarvan betaling van die vergoeding ten opsigte van die lewering gemaak mag word na of oor 'n tydperk wat 6 maande oorskry, maar nie 12 maande oorskry nie en die toepaslike goedkeuring het van 'n handelaar in buitelandse valuta wat deur die SARB gemagtig is;
- (c) die ondernemer met die kwalifiserende koper 'n geskrewe ooreenkoms aangegaan het ingevolge waarvan betaling van die vergoeding ten opsigte van die lewering gemaak mag word na of oor 'n tydperk wat 12 maande oorskry, en die ondernemer die betrokke goedkeuring vanaf die SARB het;
- (d) 'n geskrewe ooreenkoms, as gevolg van die aard van die goed wat gelewer word, voorsiening maak vir die terughou van 'n terughoudingsbetaling vir 'n tydperk wat 5 jaar oorskry en bewys van betaling van die terughoudingsbetaling nie bekom is nie;
- (e) die kwalifiserende koper nie die betaling kan maak nie as gevolg van beperkings ingestel op buitelandse valuta deur die land waar die kwalifiserende koper sy besigheid bedryf;
- (f) die ondernemer die betrokke toestemming vanaf die SARB of 'n handelaar in buitelandse valuta wat deur die SARB gemagtig is, bekom het om nie die buitelandse valuta ten opsigte van die lewering te repatrieer nie;
- (g) die uitvoertydstip, in die geval van uitvoere per lug of see, reeds plaasgevind het, maar die roerende goed nog nie vanuit die Republiek verwyder is nie. Hierdie uitsondering is beperk tot 'n tydperk van 6 maande vanaf die uitvoertydstip; of
- (h) die ondernemer die genoemde vergoeding as onverhaalbaar afgeskryf het.

(7) Die ondernemer moet 'n afskrif van die betrokke goedkeuring in subparagraaf 6 bedoel, bekom en bewaar. Die genoemde goedkeuring hoef nie bekom te word nie waar die roerende goed uitgevoer word na 'n land wat in die gemeenskaplike monetêregebied soos omskryf in die SARB se Uitvoerbeheerhandleiding, soos opgedateer, val.

(8) Indien die bewys van betaling van die totale vergoeding nie binne die voorgeskrewe tydperke in subparagraaf (6), uitsluitend subparagraawe (f) en (h), uiteengesit deur die ondernemer bekom word nie, voldoen die ondernemer nie aan die vereistes van hierdie regulasies nie en kan daarom nie belasting teen die nulkoers ingevolge artikel 11(1) hef nie.

(9) Die ondernemer is gevolglik verplig om vir die uitsetbelasting op die lewering tot die mate wat betaling nie ontvang is nie, te verantwoord. Die uitsetbelasting word bereken deur die belastingbreukdeel op die uitstaande vergoeding vir die lewering toe te pas. Die ondernemer moet die bedrag uitsetbelasting by Blok 12 van die opgawe vir die belastingtydperk waarin die genoemde tydperk eindig, insluit.

(10) Indien die ondernemer die dokumentasie ten opsigte waarvan uitsetbelasting ingevolge subparagraaf (9) bereken is, ontvang binne die verlengde tydperk deur 'n handelaar in buitelandse valuta wat deur die SARB gemagtig is of deur die SARB goedgekeur, beperk tot 'n tydperk van vyf jaar vanaf die einde van die belastingtydperk waarin die oorspronklike belastingfaktuur ten opsigte van daardie lewering uitgereik behoort te gewees het, kan die bedrag bereken ingevolge subparagraaf (9) as 'n verrekening in Blok 18 van die opgawe wat ingedien word vir die belastingtydperk waarin die dokumentasie ontvang word, afgetrek word: Met dien verstande dat die ondernemer bewyse aan die Kommissaris moet voorsien dat die ondernemer—

- (a) die belasbare lewering vir vergoeding in geld gemaak het;
- (b) 'n opgawe ten opsigte van die belastingtydperk waarin die uitsetbelasting bereken ingevolge subparagraaf (9) betaalbaar was, ingedien het; en
- (c) behoorlik vir uitsetbelasting op daardie lewering soos in subparagraaf (9) beoog, verantwoord het.

(11) Waar 'n geskrewe ooreenkoms as gevolg van die aard van die goed wat gelewer word, voorsiening maak vir die terughou van 'n terughoudingsbetaling vir 'n tydperk wat 5 jaar oorskry, hoef die bewys van betaling van die terughoudingsbetaling nie bekom te word om die bewys van betaling vereiste na te kom nie.

(12) Die bepalinge van die Wet wat die reëls rakende verbode persone uiteensit, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n lewering van roerende goed wat uitgevoer word waar die ondernemer en die kwalifiserende koper verbode persone is.

(13) Die belastingkoers wat vir doeleindes van hierdie Deel van toepassing is, is die belastingkoers in werking ten tyde van die uitreiking van die belastingfaktuur.

17. Staatsooreenkomste

Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie regulasies, sal 'n kwalifiserende koper nie geregtig wees op 'n belastingterugbetaling in hierdie regulasies beoog nie waar die regering van die Republiek met die regering van 'n ander land 'n ooreenkoms aangegaan het ingevolge waarvan die belasting wat terugbetaalbaar is aan 'n kwalifiserende koper ten opsigte van roerende goed wat vanuit die Republiek uitgevoer word direk aan die regering van daardie land betaal sal word.

18. Oorgangsmatreëls

(1) Ten opsigte van lewerings vir die uitvoer van roerende goed waarvan die tyd van lewering plaasgevind het voor die datum wat hierdie regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer word, sal die bepalings van die BTW Uitvoeraansporingskema gepubliseer as Kennisgewing 2761 in *Staatskoerant* No. 19471 van 13 November 1998 van toepassing wees.

(2) Ten opsigte van—

(a) enige lewering waarvan die tyd van lewering plaasvind op of na die datum wat hierdie regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer word; of

(b) progressiewe lewerings ingevolge artikel 9(3)(b) van die Wet waar—

(i) enige betaling ten opsigte van die lewering verskuldig word of ontvang word voor asook na die datum wat hierdie regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer word; of

(ii) enige faktuur ten opsigte van daardie betaling uitgereik word voor asook na die datum wat hierdie regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer word; en

(iii) die goed slegs afgelewer word na die datum wat hierdie regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer word,

sal die bepalings van hierdie regulasies van toepassing wees.

No. R. 317**2 May 2014****CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964
AMENDMENT OF RULES (DAR/)**

Under sections 64D and 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the rules published in Government Notice R.1874 of 8 December 1995 are amended to the extent set out in the Schedule hereto.

**VISVANATHAN PILLAY****ACTING COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE****SCHEDULE**

(a) By the insertion in rule 64D.05(4) after paragraph (d) of the following paragraph:

“(e) the goods are supplied at the zero rate in terms of section 11(1)(a)(ii) read with Part Two - Section B of the regulation as contemplated in paragraph (d) of the definition of “exported” in section 1(1) of the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991).”

NOTICE – CHANGE OF TELEPHONE NUMBERS: GOVERNMENT PRINTING WORKS

As the mandated government security printer, providing world class security products and services, Government Printing Works has adopted some of the highly innovative technologies to best serve its customers and stakeholders. In line with this task, Government Printing Works has implemented a new telephony system to ensure most effective communication and accessibility. As a result of this development, our telephone numbers will change with effect from 3 February 2014, starting with the Pretoria offices.

The new numbers are as follows:

- Switchboard : 012 748 6001/6002
- Advertising : 012 748 6205/6206/6207/6208/6209/6210/6211/6212
- Publications Enquiries : 012 748 6052/6053/6058 GeneralEnquiries@gpw.gov.za
 - Maps : 012 748 6061/6065 BookShop@gpw.gov.za
 - Debtors : 012 748 6060/6056/6064 PublicationsDebtors@gpw.gov.za
 - Subscription : 012 748 6054/6055/6057 Subscriptions@gpw.gov.za
- SCM : 012 748 6380/6373/6218
- Debtors : 012 748 6236/6242
- Creditors : 012 748 6246/6274

Please consult our website at www.gpwonline.co.za for more contact details.

The numbers for our provincial offices in Polokwane, East London and Mmabatho will not change at this stage.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Advertensies: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
Subskripsies: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057